## HOOFSTUK 21: STREKE

### 1. INLEIDING

1.1 Die grondwet magtig ‘n oordbestuur om die kommando’s van die oord in streke te groepeer nadat met die betrokke gebiedsdagbestuur oorleg gepleeg is omdat dit na die mening van die betrokke oordbestuur nodig is vir die goeie funksionering van daardie oord.

1.2 Die gesagsveld van ‘n streek is beperk tot die lede van die kommando’s en veldkornetskappe los van kommando’s wat onder die betrokke streek ressorteer.

### 2. ALGEMENE BEPALINGS

2.1 ‘n Streek is ‘n opsionele organisasie-element op die derde bestuursvlak van *Die Voortrekkers.*

2.2 'n *Streekbestuur* en ‘n *streekdagbestuur* is nie bestuursliggame nie.

### 3. ORGANISASIE, MAGTE EN PLIGTE VAN 'N STREEK

3.1 Waar 'n oordbestuur kommando's in streke groepeer bepaal die betrokke oordbestuur die organisasie, magte en pligte van sodanige streke in oorleg met die betrokke gebiedsbestuur.

3.2 'n Oordbestuur kan enige groeperings van kommando’s in streke te eniger tyd wysig of herroep na oorlegpleging met die betrokke gebiedsbestuur.

3.3 ‘n Oordbestuur kan te eniger tyd die organisasie, magte en pligte van streke in sy gesagsgebied in oorleg met die betrokke gebiedsbestuur wysig of herroep.

3.4 Die range van die offisiere wat op ‘n streekbestuur dien is streekleier, adjunkstreekleier en streeksekretaris.

3.5 Slegs die streekleier dra rangkentekens om sy posisie aan te dui, nl een rooi kompas.

### 4. ONTBINDING

Wanneer 'n streek nie meer funksioneer nie, moet die betrokke gebiedsbestuur toesien dat die voorskrifte in verband met ontbinding soos in hoofstuk 14 van die reglement omskryf, nagekom word.